
ONWRIKBAAR
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Daniël-hulle was in ballingskap na Babilon gevat, met die magtigste koning, koning Nebukadneser,**

**as hulle nuwe koning.**

**Dit is 'n konstante druk wat hulle beleef het. Hulle plek van aanbidding het verander, hulle name is verander, hulle dieet, hulle skrif, hulle taal. Alles wat hulle aan God herinner is verwyder, en hulle word gedwing om hierdie nuwe koningkryk met sy nuwe gode te aanbid.**

**Ons het al gesien hoe Daniel en sy vriende vas staan in hulle geloof, al is alles rondom hulle so verander dat hulle konstante druk beleef.**

**Ons kan baie deur Daniel en sy vriende se geloof en hulle optrede leer.**

**Vandag gaan ons na hoofstuk 3 & 4 kyk in Daniël.**

**In Daniël 3 & 4 sien ons 'n groot waarheid raak...**

**God alleen is Heer. God beskerm dié wat Hom gehoorsaam, Hy regeer oor alle aardse magte, en God ALLEEN is waardig om aanbid te word.**

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS

# Lees Daniël 3 saam deur



***As jy wonder waar Daniël was tydens hierdie toets van lojaliteit: Daniël was aangestel as die koning se hoof paleis beamte.***

***Die beeld was in Duradal opgerig in die provinsie Babel, waar Daniël se drie vriende aangestel was oor die provinsie, en daarom was hulle deel van hierdie toets van lojaliteit.***

***Dit weet ons verseker, as Daniël betrokke of by was, sou hy verseker ook nie voor die beeld gebuig het nie. Ons sien dit in sy karakter en ook in die storie van die leeukuil en reg deur sy lewe en toewyding aan die Here.***

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

"13Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag,
Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die koning
gebring, 14en Nebukadnesar het vir hulle gesê: “Is dit waar,
Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die
goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? 15Nou kyk,
dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld
te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter,
lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle
hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond
gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?”

fresh
NES JY IS. WAAR JY IS

**Hulle kon baie maklik redes uitdink om die vuuroond te vermy...**

**Hulle kon uiterlik maak asof hulle die beeld aanbid, deur net te buig, terwyl hulle innerlik net vir God aanbid...**

**Hulle kon maklik dink, "Ons is in 'n vreemde land met vreemde gebruike, so ons sal net om almal gelukkig te hou, en ook om die straf van die oond te vermy, buig, maar nie regtig aanbid nie..."**

**Hulle kies om nie dubbele standaarde te hê nie...**

**Hulle kies wel absolute lojaliteit teenoor God en het absolute integriteit.**

**Koning Nebukadneser gee vir hierdie manne 'n tweede kaans, maar steeds sal hulle nie buig nie. Hulle gee een van die kragtigste belydenisse...**

"16Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar
geantwoord: “Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. 17Ons
het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit
die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. 18Selfs
as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien
nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.”

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Hierdie drie manne se geloof was nie 'n transaksie-geloof nie... Hulle het God nie gedien sodat Hy hulle uit die vuuroond moet hou nie.**

**Hulle geloof het nie afgehang van die uitkoms van hulle omstandighede nie.**

**Hulle geloof was gevestig op wie God is. Op SY karakter.**

**Hulle het geweet God kan hulle red, maar al kies God 'n ander pad en red hulle nie, bly Hy steeds God; Hy bly waardig om aanbid te word...**

Koning Nebukadneser word woedend. So woedend dat hy die oond 7 keer warmer laat maak. Die vuuroond was so warm dat die groot solate wat hulle in die oond gegooi het dood gebrand het. Hanania, Misael en Asaria val dan in die oond in, vasgebind, met al hulle klere aan.

Dan gebeur daar 'n wonderwerk!



"24Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie?"

En hulle sê vir hom: "Dit is so, U Majesteit!"

25Hy sê toe: "Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n hemelwese!"

fresh
NES JY IS. WAAR JY IS

**God kies nie altyd om ons uit die vuuroond te hou nie, maar Hy belowe om saam met ons daarin te loop.**

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

# Jesaja 43:1-2

## Jy is Myne

1Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat
jou gevorm het, Israel:

Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou
naam geroep, jy is Myne.

2As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere,
hulle sal jou nie wegspoel nie;

as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die
vlamme sal jou nie brand nie,


3want Ek is die Here jou God,

**Wanneer die drie manne uit die oond uit stap, ruik hulle nie eens na die vuur nie.**

**Die enigste ding wat die vuur verbrand het was die toe waarmee die koning hulle laat vasbind het!**

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

"26Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe gekom en geroep: “Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit hierheen!”



fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Die manne se ONWRIKBARE geloof dwing 'n heindense koning om te bely...**

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

"28Toe sê Nebukadnesar: “Aan die God van Sadrag, Mesag en
Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy
dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die
koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle
lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te
dien of te aanbid. 29Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige
persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met
minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego,
in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak
moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om
so te red nie.”

**Ons getroue aanbidding en geloof in God wanneer die lewe warm word, is die grootste getuienis vir 'n ongelowige wêreld dat God werklik leef, en alleen waardig is om aanbid te word.**

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Lees Daniël 4 saam deur...**



fresh

Alhoewel koning Nebukadneser God se grootheid en Sy mag beleef het, het sy hart nog nie verander nie.

Hy het God gesien as 'n Magtige en Kragtige God, maar nog nie as die enigste God van sy lewe nie.

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Daniël 4:30 “Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek daarvan 'n koningstad gemaak, tot my eer en roem.”**



31Sy woorde was nog nie koud nie toe kom daar 'n stem uit die
hemel: “Daar is besluit, koning Nebukadnesar, dat jy uit jou
koningskap onthef gaan word. 32Jy sal uit die menslike
samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet
leef en gras moet eet soos beeste. Dit sal sewe tydperke lank
oor jou kom. Dan sal jy moet erken dat die Allerhoogste mag
het oor die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.”

33Op dieselfde oomblik het oor Nebukadnesar gekom wat oor
hom gesê is. Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en
moes gras eet soos beeste. Hy is snags deur die dou van die
hemel natgemaak, en sy hare het so lank geword soos die vere
van 'n arend en sy naels soos dié van 'n voël."

**Die Here sal nooit Sy eer deel met 'n mens wat homself verhef nie...**

**Aardse mag, sukses, rykdom; alles is nietig, en sonder God is ons niks.**

**God se doel met vernedering is nooit om net te straf nie; dit is altyd om te hersel en om te red...**

**Na 7 jaar, gebeur hierdie herstel vir Nebukadneser...**

**Hy getuig en bely self in Daniël 4...**

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS

"34“Toe die vasgestelde tyd verby was, het ek,
Nebukadnesar, na die hemel opgekyk om hulp en het ek my
verstand teruggekry. Ek het die Allerhoogste geprys, ek het
Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan sy heerskappy is
daar geen einde nie, sy koninkryk bestaan oor al die geslagte
heen. 35Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos
niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met
die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan
weerhou en vir Hom kan sê: ‘Wat doen U?’ nie.

**Die oomblik toe koning Nebukadneser op kyk - weg van homself af, weg van sy eie koninkrykie, weg van sy sukses en prestasie - toe herstel God sy menswees en sy verstand...**

**Nebukadneser besef dat God almagtig is.**

**Hy besef dat alle mag, posisie en sukses van God af kom.**

**In God se goedheid en grootheid kan Hy alles gee, en Hy kan alles wegneem.**

**God kan dit weer herstel as die mens homself voor God verneder.**

**God gee vir Nebukadneser selfs meer mag as wat hy vantevore gehad het, maar Nebukadneser se belydenis bly staan...**

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

37Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder.”



fresh
NES JY IS. WAAR JY IS

1. Waarvoor buig ons?
2. Het ons 'n "Selfs as Hy nie" geloof?
3. Waarop roem ons?
4. GOD alleen is Koning



## Filipense 2:1-11

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die
gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my blydskap
volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit
selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as
homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6Hy wat in die gestalte van God was,het sy bestaan op Godgelyke wyse

nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur
die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn
het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die
kruis. 9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo
elke naam is,

10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,
die knie sou buig, 11en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS